# Hoofstuk van die dag: 1 Konings 12

> *Koning Rehabeam het die raad van die ouer mense in die wind geslaan en die volk geantwoord volgens die raad van die jonger manne … (vers 13-14)*

’n Breuklyn in die stammeverbond wat die volk Israel uitgemaak

het, het reg deur Dawid se regering gedreig om die Israeliete in twee te skeur. Absalom het hierop ingespeel (2 Sam 15:1-5) met sy staatsgreep, maar Dawid kon dit afweer omdat hy ’n elite gevegseenheid gehad het, terwyl Absalom se leër uit gewone burgers bestaan het.
Met Salomo het daar tydelik vrede gekom, maar dit was ’n brose een. Toe Rehabeam die noordelike stamme ontmoet om sy troonopvolging te formaliseer, skeur die ryk finaal, want die rykmanskind en sy vriende sien nie mense raak nie. Mag en rykdom was al waaraan hulle gedink het.
Jerobeam was ongelukkig ook nie die antwoord nie. Dit is verstommend dat hy dink goue kalwers is ’n goeie idee (vers 28). Goue kalwers, en dit ná die fiasko van Eks 32?!
Nóg Rehabeam, nóg Jerobeam, het God geraadpleeg in hulle besluite (verse 6-8 en 28). As jy net by mense raad vra en nie by God nie, moet jy nie ’n goeie uitkoms verwag nie. Dink maar aan Josua-hulle en die Gibeoniete (Jos 9:14).

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026